3. Snoei knoetsige en onooglike wortels (veral na voor) weg.
4. Wortels wat behou moet word maar te veel bokant die grond groei, kan in die pot afgetrek word sodat dit meer natuurlik lyk.
5. Plant die boom dan in 'n groot groeipot. Gebruik 'n sanderige groeimengsel wat goed dreineer. Gee genoeg water en bemes sodat die boom geil groei. Die stam sal vinnig verdik en die sterk raamtakke ontwikkel.
6. Nadat die boom se grootte, hoogte, styl en vorm beplan is, moet die boom teruggesnoei word na die beplande hoogte deur 'n boonste tak te gebruik vir die nuwe apeks. So ook bepaal die hoogte van die onderste raamtak die hoogte van die boom. Sny verder alle dooie en onnodige takke weg bv. "handlebar"-takke.

Bome met stamme 25-40mm dik

Die primêre doel van die bewerking van bome in hierdie staduim is die verdikking en die vorming van die stam sowel as van die sekondêre en tersiêre takke. Die volgende stappe kan gevolg word:

1. Bedraad, buig en vorm die stam sodat dit meer treffend vertoon en inpas by die plan van die boom. Vermy egter te veel kinkels.
2. Ontwikkel die sekondêre en tersiêre takke. Snoei na die eerste of tweede lit afhangende van waar die ogie is wat in die regte rigting wys, waar 'n nuwe takkie in moet beweeg. Bedraad waar nodig sodat as die boom van bo-af bekyk word die takke soos die speke van 'n wawiel rondom sprei.

3. Plant die boom elke jaar uit, snoei oortollige lang wortels terug en hou hul in groot groeipotte.

Bome gereed vir bonsaibak - 40mm+

Na ongeveer drie tot vier jaar behoort die boom al 'n bepaalde styl, grootte sowel as primere, sekondêre en tersiêre takke ontwikkel het. Die volgende stappe kan gevolg word:

1. Pas gedurende die lente die gewone wortelsnoei toe en plant in 'n diep bonsaipot. Akasias behoort liefs in dieper potte geplant word.
2. Om die groeiseisoen te verleng kan bome wat nog blare oor het, in Juniemaand ontblaar word sodat die boom vroeër uitloop. Hou die boompies in 'n warmer deel om hul te dwing om vroeër te bot. Sodra die ogies begin wys, moet die boom gewortelsnoei en oorgeplant word. Hierdie reël geld vir al die *Acacia*-soorte.
3. Bome moet ook gedurende al die stadia goed bemes word.
4. Bome verander elke jaar en daar moet gedurig nuwe evaluasie gedoen en besluite geneem word.